

# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting



**Naam en van:**

**Universiteit:**

**Meesters:**  **Doktoraal:**  **dok:**

**Studierigting:**

**Titel van proefskrif of Verhandeling:**

**Datum van afhandeling:**  **Uitslag:**

**Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:**

**Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**

Hierdie studie fokus op die mistieke elemente in die bundel *Die swart kombuis* (1978) van Sheila Cussons. Cussons se tweede bundel groei vanuit 'n konteks van die ondersoek van spanning tussen die aardse en die metafisiese, wat reeds in haar eerste bundel *Plektrum* (1970) gemanifesteer het tot 'n gekonsentreerde belewenis van die spirituele en die menslike soektog na betekenis én integrasie in *Die swart kombuis*. Hierdie bundel kan binne die tradisie van die Afrikaanse mistieke digkuns geplaas word. Die mistieke element is oënskynlik alreeds sigbaar in die titel van die bundel, wat selfstandig staan as 'n simbool van transformasie. Die woord "kombuis" word 'n argetipiese arena, gelaai met betekenis en assosiasies wat deur die bundel ondersoek en ontbloot word. Die gedigte funksioneer as poëtiese uitdrukkings van die digter se verhouding met haar persona en die interne gesprekke wat plaasvind tydens hierdie konfrontasies. Die bundel kan dus gelees word as 'n kreatiewe uitdrukking van die digter se individuasiëproses. Cussons ontbloot die integrasie en die interpretasie van haar argetipes en laat die leser toe om deel te neem aan hierdie sensitiewe proses van persoonlike verligting. Die verskillende vlakke van selfverwesenliking kom tot uiting in Cussons se gebruik van simboliese elemente en konsepte wat die leser deur 'n abstrakte landskap van selfondersoek neem. Deur 'n poëtiese uitdrukking te gee aan haar persoonlike individuasiëproses, bied Cussons aan die leser van haar bundel 'n geleentheid om die mistieke dimensie binne te tree. Waar die individu voorheen dalk geen blootstelling gehad het aan komplekse konsepte soos individuasië, argetipes en die simbolisme nie, kry die leser deur middel van Cussons se bundel toegang tot hierdie idees. Hierdie studie beoog om 'n leesmodel te ontwerp wat die mistieke gedigte in *Die swart kombuis* ontleed en verduidelik. Die mistieke elemente word geïdentifiseer en ontleed om die leser 'n inleiding te gee tot die taalgebruik en assosiatiewe simbole van die mistiek. Die struktuur van die leesmodel betrek hoofsaaklik die idees en konsepte van verskeie teoretici, soos die psigoanalise Carl Gustav Jung, die filosoof en sielkundige William James, en die digter, Jungiaanse psigoanalise en cantadora Clarissa Pinkola Estés. Die idees van literêre teoretici Roland Barthes, Umberto Eco, Jonathan Culler en viii Frank Kermode word ook betrek by die benadering van die teks. Verder word daar gekyk na simbolisme, mitologie en die gebruik van digkuns as 'n vorm van terapie en selfondersoek.